## 26 November Haggai 2:10-19

### *Bouwerk is veeleisend*

Op die 8ste Desember, min of meer twee maande na die vorige bemoedigende boodskap aan die bouende volk, is daar weer probleme. Die volk het in die verwagting gelewe dat God hulle lewensomstandighede gou sal verander en verbeter as hulle hul prioriteite regstel en die tempel bou. Dit het hulle nou met groot ywer en oorgawe gedoen en is alreeds vier maande daarmee besig. Hulle sien egter nog nie verbetering in hulle lewensomstandighede nie. En dan gebruik die Here 'n voorbeeld uit die Joodse wet om te illustreer dat die pad van sonde vinnig en snel is en die gevolge daarvan moeilik herstelbaar. Daarteenoor is die pad van gehoorsaamheid moeisaam en steil en die vrug daarvan dikwels stadig om te realiseer. God was dus besig om hulle geloofsvolharding te toets en dit het hulle nie verstaan nie. Het jy nie ook al gewonder of jou gehoorsaamheid die moeite werd is nie? Hoekom sien ek dan nie antwoord op die liefde wat ek teenoor ander mense betoon nie? Ek sien nie vrugte in die feit dat ek my sake-onderneming op 'n eerlike manier bedryf terwyl die oneerlike sakeman floreer nie. Nee, onthou, goeie bouwerk is veeleisend, maar God beloof sy ryke seën daarop as jy volhard. Aan hierdie belofte moet jy ook vandag vashou, al lyk dit vir jou of die bouwerk wat jy verrig nie veel seën oplewer nie. Dink dan weer aan God se belofte in vers 19 "...maar van nou af sal Ek voorspoed gee".

Sing: Psalm 128:1

Ds. P. Venter (Rustenburg-Wes)